CAPITEC BANK VERHOOG SEB-AANDEELHOUDING

15 Desember 2006

STELLENBOSCH: Capitec Bank, Suid-Afrika se jongste kleinhandelsbank wat op die verskaffing van bekostigbare en toeganklike bankdienste gerig is, het vandag aangekondig dat hy sy SEB-aandeelhouding uitbrei deur 10 mijoen aandele teen R30.00 per aandeel uit te reik aan 'n konsortium van swart maatskappye, trusts en individue.

Die uitreiking van aandele sal die groep se algehele SEB-aandeelhouding tot 16.04% verhoog om dit nader aan die Finansiëlesektorhandves se vereiste van 25% swart aandeelhouding teen 2010 te bring. "Dit sal swart ekonomiese bemagtiging in die groep versterk en voldoening aan die Finansiëlesektorhandves en die Departement van Handel en Nywerheid se Goeie Praktykkodes verhoog," sê André du Plessis, Finansiële Direkteur van Capitec Bank.

Om SEB te bevorder het Capitec in 2004 altesaam 1.4 miljoen aandele aan sy destydse SEB-vennoot, Arch Equity Beperk (“Arch Equity”), uitgereik om Arch Equity se belang tot 15.48% te verhoog. Daarby is 100 000 aandele aan elk van twee swart direkteure van Capitec uitgereik om swart aandeelhouding in Capitec tot 15.77% te verhoog. Ná die uitreiking van aandele aan Arch Equity is die Departement van Handel en Nywerheid se Goeie Praktykkodes, wat 'n swart maatskappy op 'n ander wyse as die Finansiëlesektorhandves definieer, gepubliseer. Dit het tot 'n herstrukturering van Arch Equity gelei wat uitgeloop het op die skepping van Arch Equity Investment Holdings Beperk (“Arch Equity BEE”), 'n maatskappy wat voldoen aan die definisie van 'n swart maatskappy soos in die Praktykkodes én Finansiëlesektorhandves uiteengesit.

As gevolg van die herstrukturering is die gekombineerde SEB-aandeelhouding in Capitec egter tot 4.35% verminder wat bestaan uit Arch Equity BEE, swart direkteure en swart werknemers wat aan Capitec Bank se Bemagtigingsaandele-aankoopskema deelneem.

Die breëbasis SEB-Konsortium word bestuur deur Litha Nyonya van Regiments Capital en word geadviseer deur Blessing Rugara, besturende direkteur van Circle Capital Global. Die SEB-Konsortium bestaan uit swart maatskappye en trusts wat deur vooraanstaande sakelui, individue sowel as Capitec Bank se aandelebemagtigingstrust. Laasgemelde sal 'n 5%-aandeelhouding in die Konsortium sal hê.

Die Konsortium sal 10 miljoen gewone aandele opneem om só 'n belang van 12.21% in Capitec te bekom. Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk (NOK) het ingestem om R285 miljoen of 95% van dié prys deur middel van 'n voorkeuraandeelooreenkoms met die Konsortium te befonds. Capitec bied geen sekuriteit vir die aflossing van hierdie voorkeuraandele nie. Die ander 5% word deur Capitec Bank via die aandelebemagtigingstrust befonds.

Die Konsortium sal sy belang in Capitec bestuur deur 'n private maatskappy wat in Suid-Afrika geïnkorporeer is. Hierdie maatskappy voldoen aan die definisies van die Praktykkodes. Capitec sal, as deel van sy omsigtigheidsondersoek, die SEB-status en solvensie van die hierdie maatskappy bevestig.

Die opbrengs van die uitgereikte aandele sal deur Capitec Bank aangewend word vir die versnelde uitbreiding van die bank se infrastruktuur en produkaanbod om toeganklikheid vir die bank se kliëntebasis te verbeter.

Die ooreenkoms sluit ook die aanstelling van 'n nie-uitvoerende direkteur op die direksie in. Dit is onderworpe aan goedkeuring deur Capitec se direksie en die Registrateur van Banke.

“Capitec is verheug om 'n vennootskap met die Konsortium aan te gaan omdat ons ook voordeel trek uit hul uitgebreide sakeverhoudings. Ons is beindruk met die individue met wie ons in hierdie transaksie onderhandel het.

“Ons voel dat die kultuur van Capitec en dié van die Konsortium mekaar goed aanvul, en ons sien daarna uit om saam te werk met die Konsortium en spesifiek die persoon wat in Capitec se direksie sal dien. Die onderhandelinge het deurgaans in goeie trou plaasgevind sonder dat enige van die partye gestreef het vir vinnige gewin," sê Du Plessis.

Die voorwaardes van die ooreenkoms stipuleer 'n onderneming deur die SEB-Konsortium dat sy deelnemers swart sal bly, dit wil sê dat hulle voort sal gaan om te voldoen aan die Goeie Praktykkodes.

Mnr Rugara het soos volg kommentaar gelewer: “Dit was 'n kompleksie transaksie, maar ek is in my skik daarmee dat al die belangegroepe by die transaksie sal baat vind, veral die breëbasis SEB-Konsortium wat Capitec-werknemers insluit."

“Ons vennootskap met die SEB-Konsortium plaas ons in 'n sterker posisie om aandeelhouerwaarde te skep. Dit verskaf finansiële ondersteuning om die Capitec Bank revolusie voort te sit en te verseker dat ons ons belofte van vereenvoudigde, toeganklike en bekostigbare bankdienste aan alle Suid-Afrikaners nakom," sluit Du Plessis af.

EINDE

Uitgereik deur Capitec Bank

Navrae:

1. **André du Plessis**

   Finansiële Direkteur: Capitec Bank

   Tel 021 809 5905

   Sel 083 675 3340

   E-pos: andreduplessis@capitecbank.co.za

2. **Yolandé van Rensburg**

   Hoof: Kommunikasie en Openbare Betrekkinge

   Tel 021 809 5998

   Sel 072 480 3617

   E-pos: yolandevanrensburg@capitecbank.co.za